

# Bybelstudie-riglyne

## Die brief aan die Galasiërs

Saamgestel deur ds. Maarten van Helden  
Gereformeerde Kerk Centurion  
web: <http://www.gkcenturion.org.za/>

### Bronne:

B.C. Lategan: 1986. Die brief aan die Galasiërs  
W. Hendriksen: 1968. Galatians  
A.H. Bogaards: 2009? Galasiërs – Jesus Christus alleen  
S.Greijdanus. Korte Verklaring der Heilige Schrift: Galaten

## GALASIËRS

### Die brief van die Here deur Paulus aan die Galasiërs en aan ons

*“Die brief aan die Galasiërs is my (gunsteling) brief.  
Daarmee is ek getrou. Dit is my Katherine (my vrou)” - Luther*


#### 1. Inleiding

1.1 Die Christelike kerk het na Jesus Christus se hemelvaart in Jerusalem tot stand gekom. Na Pinksterdag het die kerk egter oor die landsgrense van Israel versprei, veral deur die sendingwerk van Paulus onder die heidennasies. Die gemeentes in die provinsie Galasië in Klein-Asië (tans Turkye) het so tot stand gekom. In die debat of die brief aan een gemeente of aan verskeie gemeentes in Galasië geskryf is, bly ons by die gedagte dat dit aan al die gemeentes in daardie provinsie geskryf is (vgl. die meervoud in **Gal 1:2**).

Lees in **Handelinge 13,14 en 16** van Paulus se werk in die gemeentes in Galasië – Antiogië in Psidië, Ikonium, Listra en Derbe. *In Listra is Paulus gestenig en vir dood gelos (Hd 14). Daar het hy vir Timoteus ontmoet (Hd 16:1-3).*

Ons lees ook van die streek en gemeentes van Galasië in die volgende verse in die Skrif:

**Hand 16:6; Handelinge 18:23; 1 Kor 16:1; Galasiërs 1:2; 2 Tim 4:10; 1 Pet 1:1**



1.2 Dit is duidelik dat hierdie brief die bedoeling het om rigtinggewend te wees vir die jong kerke wat nou onder die aanslag van dwaalleraars gekom het. Die hele kwessie het basies gegaan oor die posisie van die nuwe bekeerlinge uit die heidendom teenoor die kultuur van die Jodendom, waar die Christelike kerk begin het: Die vraag – moet die nuwe bekeerlinge ook die Joodse lewenswyse aanvaar, en dus ook besny word en al die ander Joodse gebruike nakom?

1.3 Dr BC Lategan skryf (opgesom): Vir Paulus het hierdie eise die hart van die evangelie aangetas – in so ‘n mate dat hy dit as ‘n “ander evangelie” (1:6) bestempel het. Vir Paulus gaan dit nie soseer om die besnydenis of een of ander kulturele gebruike nie, maar om iets veel diepers. Die teenstanders van Paulus het die evangelie op twee wesenlike punte bedreig:

1. Dit sou beteken dat Christus se soenverdienste onvoldoende is om die mens te verlos en dat dit daarom op ‘n ander wyse “aangevul” moes word.

2. Die aandrang op die nakoming van die wet kon die idée laat posvat dat die mens se redding van sy eie goeie vermoëns en prestasies sou afhang, dit wil sê, van die vraag in hoeverre die sondaar daarin kan slaag om hom by elke jota en tittel van die wet te hou.

Om antwoorde op hierdie vrae te kon gee was Paulus en die gemeentes verplig om vir hulleself rekenskap te kan gee oor die vraag: **Wat is die kern van die Christelike geloof?** Maw wat hoort tot die onveranderlike wese van die geloof en wat is deel van kulturele gewoontes wat maar van kultuurgroep na kultuurgroep kon verskil - dit wil sê hulle moes uitmaak wat vir alle tye ten volle bedoel was en wat nie.

Op dié manier is sekere sake vasgestel wat ten alle tye as waarheid van die geloof moet bly staan. Hier volg drie van dié temas genoem:

(i) *Geregtigheid voor God word deur die geloof verkry en nie deur die onderhouding van die wet nie*

Hierdie stelling vorm die kernargument van Paulus se betoog waarna telkens weer teruggekom word (vgl. 2:12; 3:5,11,21), naamlik dat nie die onderhouding van die wet die weg tot saligheid open nie, maar die geloof in die soenverdienste van Christus. Verder beteken dit dat die Joodse lewenswyse nie as vanselfsprekende voorskrif vir alle gelowiges geld nie en moet bv. die besnydenis nie aan die bekeerlinge uit d nie-Jodendom, opgedring word nie.

(ii) *Die aard van die Christelike gemeenskap*

Hierdie brief bring ook groter duidelikheid oor die aard en samestelling van die kerk. As die geloof die enigste grond vir die verlossing van die mens is, beteken dit terselfdertyd dat geloof die enigste voorwaarde vir toetrede tot die Christelike gemeenskap kan wees. Hierdie insig bring ‘n radikale oriëntering ten opsigte van Paulus se siening oor die kerk mee en veroorsaak ‘n grondverskuiwing op twee fronte.

1. Die kerk se grense word uitgeskuif dat nie-Jode ook deel aan die kerklike geloofsgemeenskap kan hê.

2. Aan die ander kant word die grens nouer getrek, sodat dit uiteindelik ‘n deel van die historiese volk, Israel, uitsluit. Die ware nakomelingskap van Abraham en dus van die nuwe ISRAEL loop deur Christus.

3. Dit beteken ook dat daar onvoorwaardelik weggedoen word met die “plus” van die een of ander aard. Hierdie “Christus-plus” kan vele vorme aanneem – dit kan sekere leerstellinge wees, of die tradisie, of ‘n bepaalde lewenswyse, stand, klas of ras. Wanneer die kerk hom te midde van kulturele verskeidenheid bevind, is dit belangrik dat in teorie en praktyk, die geloof in Christus as die enigste voorwaarde vir die insluiting in die geloofsgemeenskap sal geld.

### (iii) Die Christelike Vryheid

Nóú verweef met die voorgaande, is die tema van die Christelike Vryheid. Vir Paulus is die praktiese uitvloeisel van die geloof, dat die mens in vryheid mag lewe. Vryheid van sonde en van die wet beteken 'n vryheid om tot diens van God en die naaste te lewe (2:20). Maar die vryheid in Christus kan alleen verstaan word deur bevrydes (5:16) Vryheid van die wet kan maklik misverstaan word, as sou dit beteken dat alles voortaan geoorloof is. Paulus beklemtoon daarom dat vryheid alleen in stand gehou kan word, as dit met verantwoordelikheid gepaard gaan en deur die Gees gelei word—dan sal dit die vrug dra wat vir almal herkenbaar is (5:22 – 24).

Naas hierdie belangrike temas bevat die brief 'n rykdom van geloofs-insig, wat op 'n teologies diepsinnige, maar ook op 'n konkrete en praktiese wyse oorgedra word. Dit is geen wonder nie dat die kerk en gelowiges deur die eeue telkens na hierdie brief teruggekeer het in tye van verwarring en rigtingloosheid, om daaruit nuwe bemoediging en leiding te put. Daarom kan die aandagtige bestudering van die brief so 'n verrykende ervaring word vir elkeen wat dit onderneem.

## 2. Tema en styl

Die brief aan die Galasiërs kan met reg die tweelingbrief van die brief aan die Romeine genoem word.

Vergelyk: Gal 3:6 – Rom 4:3  
Gal 2:20 – Rom 6:6-8  
Gal 4:5-7 – Rom 8:14-17  
Gal 5:16,17 – Rom 13:13,14

Die volgende verse dui baie duidelik op die evangelie as een van regverdiging (vryspraak) deur die geloof in Jesus Christus alleen: 2:16; 2:21; 3:9,11; 4:2-6; 5:2-6; 6:14-16.

**Die styl** in die twee briewe verskil egter radikaal: Waar Romeine sy klem rustig en lerend plaas op die redding van alle mense deur die geloof, kom die skrywer in Galasiërs baie ferm (vurig) voor in reaksie op die dwaalleraars en word die gemeente sterk aangespreek en lerend vermaan (1:8,9; 5:12).

Nadat Paulus die eerste keer by hulle was en die evangelie van verlossing deur Christus-alleen verkondig het, het dwaalleraars die gemeente mislei. Hulle beweer dat Christus-alleen nie genoeg is nie. Die seremonies van die wet van Moses, veral die besnydenis, moet ook nog onderhou word (Judaïsme). Dit gaan vir hulle dus om Christus plus die werke. Die voldoening en genoegsaamheid van Christus word dus misken.

Hulle aanslag was daarby om die persoon van Paulus verdag te maak. Hulle bevraagteken sy apostelskap en beweer dat hy nie in dieselfde klas as die ander apostels gereken kan word nie. Hy kom met menslike gesag want hy is deur die gemeente van Antiogië gestuur (Hd 13:1-2). So word die gesag van Paulus en daarby die gesag van die Woord bevraagteken. Paulus dui egter aan dat Hy deur Christus self tot apostel geroep en bekwaam is (apostel is ooggetuie van die opstanding, en Paulus het immers self die Opgestane gesien en openbaringe van Hom ontvang). Paulus is egter nie soveel besorg oor die aanval op sy persoon, as wat hy eintlik besorg is oor die afvalligheid van die evangelie self nie.

### **3. Skrywer**

Die boek bied self duidelik aan wie die skrywer is (Gal 1:1 en 5:2), die apostel Paulus. Die inhoud van die brief pas ook duidelik by die tydsomstandighede van die tyd van Paulus (Vgl Hd 15:1; 1 Kor 7:19).

Gal 1:8,9 verwys immers na Paulus se sendingwerk. Oor die skrywer bestaan daar dus geen twyfel nie – Paulus van Tarsus.

Weer sien ons hier dat Paulus van 'n skrywer gebruik maak, want die brief sluit af met 'n naskrif in Paulus se eie onhandige skrif (6:11). Wie hom hierin bygestaan het word nie vertel nie (1:1).

Paulus skryf hierdie brief waarskynlik tydens sy tweede sendingreis terwyl hy in Korinte is.

### **4. Struktuur**

#### **4.1 Oorsprong van die evangelie**

Opskrif en seëngroet – 1:1-5

Geen ander evangelie – 1:6-9

Evangelie nie volgens menslike voorkeure or maatstawwe – 1:10-12

Eerste verhalende deel – 1:13-2:10

Tweede verhalende deel – 2:11-14

Vryspraak deur die geloof alleen – 2:15-21

#### **4.2 Begroning van die evangelie**

Oorsprong van die christelike lewe - 3:1-5

Voorbeeld van Abraham – 3:6-9

Die vloek van die wet – 3:10-14

Die wet en die belofte – 3:15-18

Die doel van die wet – 3:19-25

Die nuwe gesin van God – 3:26-29

Van slaaf na seun – 4:1-7

Terug na die minderwaardige bestaan van vroeër? – 4:8-11

Ernstige oproep – 4:12-20

Hagar en Sara: sinnebeelde van twee verbonde – 4:21-31

#### **4.3 Toepassing van die evangelie**

Die christelike vryheid: 'n radikale keuse – 5:1-12

Die christelike vryheid: praktiese implikasies – 5:13-24

Die christelike vryheid: laaste raadgevinge – 5:25-6:10

#### **4.4 Eiehandige naskrif van Paulus – 6:11-18**

## Verklaring en toepassing

### Galasiërs 1:1-5

1. Die trant van hierdie verse skep 'n gelaaiete atmosfeer. Dit is soos 'n naderende storm waarvan ons die eerste donderslag sal hoor in 1:6, en nog meer in 1:8,9. Paulus behou sy selfbeheersing, maar is ernstig omgekrap as hy hierdie boek begin. Alhoewel hy onder die inspirasie van die Heilige Gees skryf, kom sy emosies duidelik (maar met selfbeheersing) na vore. "Paulus, apostel – nie deur mense nie...". Hy kom met die volle gesag van 'n apostel – *"gevolmagtigde gestuurde gesant, oorgedra van dood en opstanding van Christus"* deur Jesus Christus en deur die Vader. Dit is dus God self wat aan die woord kom!

Dit is die opgestane Here wat self aan hom verskyn het (1Kor 15:5) wat hom in hierdie diens as apostel gestel en geroep het. My apostelskap is eg en kom van bo (Hd 9). So is dus ook die evangelie wat ek proklameer/verkondig – maak nie saak wat die Judaïste hiervan te sê het nie! My boodskap kom met Goddelike gesag.

Die geldigheid van hierdie aanspraak word deur sy teenstanders in Galasië betwis, en die gemeente raak verward.

2. Blykbaar het hy ook hierdie brief se inhoud eers met die broers wat daar by hom was bespreek en seker gemaak dat hy die waarheid praat. Tog is sy gesag nie van hulle afhanklik nie. Hierdie brief is nie soos 'n "sinodebesluit" nie, maar staan op gesag van die Drie-enige God self.

"Aan die gemeentes in Galasië". Byna kortaf – geen bysinne wat sy liefde aan hulle verklaar nie (soos by ander briewe vgl. Rom 1:7; 1 Kor 1:2; Ef 1:1) – en beslis nie vleierend nie. Die atmosfeer byna gespanne! Al dwaal hulle reeds sterk, bly hulle 'Gemeentes' = ekklesia, *uitgeroepes*.

3. Seënwens en groet: genade en vrede! Soos in alle briewe is die apostel se groet opreg en eerlik. Al is Paulus redelik ontsteld beskou hy hulle steeds as 'n christelike gemeenskap. Hy seë hulle, maar die seë is net van waarde as dit in die geloof ontvang word.

God se onverdiende genade bring vrede. Die genade is die grond vir die vrede.

Vrede is die OTiese 'sjalom'. Vrede met God – nuwe status in Christus! (In die dreigend storm is die vrede soos 'n rotskuilplek teen die gevaar wat dreig).

4. Die nuwe status van vrede met God kom deur Hom (die Seun) wat die Vader gegee het, sodat Hy ons kon uitred (nie onself deur iets wat ons gedoen of daarby gevoeg het nie) uit die sondige/godelose wêreld (*nie kosmos nie = staties, maar aeon – die wêreld in beweging na die einde, veranderende wêreld, 'huidige wêreld', skep die verwagting van 'n komende 'ander wêreld, die nuwe aeon van ewige glorie*). Hierdie uitredding bepaal ons nuwe toestand (verlostes) in Christus en kom ooreen met Romeine in die begrip "meer as oorwinnaars" (Rom 8:37). Dit alles gebeur volgens die wil van God die Vader – sy ewige raadsplan het dit so bepaal.

5. Die lofprysing hier in die begin van die brief is ook ongewoon aan Paulus se briewe, maar is gepas na die vorige vers – die nadruk op die heerlijkheid wat deur Christus se verlossingswerk gekom het (1:4) staan in skerp kontras met die Galasiërs se onbegryplike optrede om van die evangelie afvallig te raak.

God het dit alles gedoen – aan Hom die die heerlijkheid tot in alle ewigheid! Soli Deo Gloria!

### **Galasiërs 1:6-9**

In al sy briewe sou die apostel Paulus nou begin om die Here te dank vir die gemeentes se geloof ens. Nie hier nie. Daar is iets van 'n heilige woede merkbaar! Sy vermaning word 'n dreigende vervloeking! Nie eers in die brief aan die vervalte kerk van Korinte doen Paulus dit nie. Die kern van die evangelie is hier op die spel – verlossing deur genade alleen. Die storm bars los!

6. Paulus spreek sy verbasing uit oor die skielike verandering in die gemeentes. “So gou” – dit het nie te lank geneem vir die valse leraars om die Galasiërs te oortuig nie. Die dwaalleer vat maklik pos in ons harte aangesien die leer van self-verlossing eintlik in die natuur van die mens setel. Die woord vir afvallig raak beteken eintlik dat hulle gedros het soos slegte soldate. Hulle het van God afvallig geraak .... “van Hom wat julle deur die genade van Christus geroep het”.

7. Hulle het na 'n ander (andersoortige) evangelie toe oorgeloop, terwyl daar geen ander is nie! Nee, dit is 'n verdraaiing van die waarheid en saai verwarring. Satan kom dus slinks en skelm en stilletjies en noem selfs die Naam van Christus, maar dis nie genoeg nie. Net 'n klein leuentjie daarby. Enige afdraaipad is egter 'n doodloopstraat. Dan beteken Christus niks meer nie.

Vir Paulus is die punt: As Christus nie genoeg is nie, is dit nie goed genoeg nie. Julle speel met vuur. Julle verlaat Christus.

Enige leer wat iets dra van 'n Christus-plus karakter (sektaries) is eintlik 'n verloëning van Christus. Christus is ons alles of niks. Lees HK Sondag 11. “Die evangelie van Christus” beteken dat Hy as persoon die inhoud van die goeie nuus is.

8. In die volgende twee verse sê Paulus 2x “laat hom 'n vervloeking wees”, en blykbaar het hy dit voorheen (vs 9) ook al vir hulle gesê – dus nou die derde maal. Wees gewaarsku!

Paulus waarsku hulle selfs teen homself (een van ons) en teen die sg. boodskap van 'n engel. Ja, die duiwel kom soos 'n engel van die lig (2 Kor 11:14). Pasop! Selfs vir 'n engele-boodschap – lees die verhaal van die profeet wat 'n sg. engele-boodschap bring (1 Konings 13:17,18), wat ons waarsku teen eiewillige godsdiens! Eiewillige godsdiens is lewensgevaarlik.

9. Nou moet ons in gedagte hou dat dit die ‘apostel’ is wat hierdie harde woorde skryf, die gestuurde van God, sodat God self aan die woord kom. Dis nie maar 'n menslike dreiging nie, maar 'n Goddelike waarskuwing. Lees Gal 3:10.

As God jou “vervloek” word jy oorgegee aan die ewige vuur. Die woord vergelyk met die woordjie banvloek in die OT (Vgl. die straf van Agan in Josua 7). Ons moet dus nie huiwer om die tug in sy volle konsekwensies toe te pas en die sleutel van die hemelryk te draai as iemand nie by Christus alleen bly nie. Watter

verdraaiing van hierdie evangelie is vandag ter sprake? (Pelagianisme, formalisme, Rooms Katolisisme, algemene versoening, ens)

### **Galasiërs 1:10-12**

10. Hierdie vers dien as oorgang en voorbereiding vir wat vanaf vers 11 gestel gaan word. Paulus tree slegs op in belang van God en sy kerk. Die guns van God en die guns van mense staan direk in kontras teenoor mekaar. Paulus wat sopas bereid was om 'n vervloeking uit te spreek soek tog nie die mense se guns nie. (Is ons nie te dikwels ingestel om diplomaties te wees en mense se goedkeuring te soek en dan te vergeet van die waarheid of die eise van God nie?) Die strewe na gewildheid maak dikwels van ons nie goeie dienaars van God nie.

11. Paulus maak 'n duidelike stelling. Die evangelie is “nie na die mens nie”, dws nie deur die mens versin of uitgedink nie. Dit val ook nie eintlik in ons smaak nie – ons is mos liever werkesels as eenvoudige bedelaars. Dit gaan vir die natuur van die mens gewoonlik om prestasie. (Is ons nie te veel op kompetisie en prestasie gefokus nie?) Ons hou van 'n DIY-godsdiens. Die evangelie is een van 'bedelaar- wees', met niks om aan te bied nie, sodat die eer alleen aan God toekom.

12. Nou gee Paulus die REDE – “want...” . Hy het die evangelie nie by 'n mens gekry of geleer nie, maar wel deur openbaring van die Here self ontvang. 'Openbaring' beteken dat die bedekking weggeneem word. En as dit gebeur dan sien ons Hom, Jesus Christus. Hy is die Gewer én die Inhoud van dié openbaring. In die volgende verse gaan Paulus uit sy eie lewe aantoon dat dat hy die openbaring van Jesus self ontvang het – hy verwys in drie dele na sy eie lewe – 13-14 die tyd voor sy roeping, 15-16a sy roeping, 16b-24 die tyd na sy roeping.

### **Galasiërs 1:13-24**

13. Hier begin die eerste verhaal van sy lewe. Hy herinner hulle aan sy storie, hoe hy eintlik 'n vyand van God en die evangelie van Christus was, toe hy nog die Joodse leer aangehang het. Hy het selfs opsetlik die kerk vervolg en probeer uitroei (vgl Hd 9:1; 26:5). Kan u sien hoe Paulus hier duidelik onderskeid tref tussen die Christelike Kerk en die Joodse leer?

14. Paulus beklemtoon dat hy 'n fanatieke yweraar vir die Joodse leer was, veral vir die oorgelewerde gebruike van sy voorvaders. Hy sou homself later ernstig verwyf oor hierdie vergryp aan die bruid van Christus (1 Kor 15:9,10). Hy verbind hom dus wel aan die Joodse volk, maar in sy geloof is hy nou aan Christus verbind – lees Fil 3:3-11.

15. Letterlik staan daar “Maar toe dit God behaag het” - toe kom die groot ommekeer in sy lewe – hy word geroep tot geloof in Christus (Alles berus op God se genadige uitverkiesing!). Die onwaarskynlike het met hom gebeur: vyand van God word apostel van die evangelie! So was hy al voor sy geboorte hiervoor geroep en in God se wysheid bestem en op die regte tyd gryp God in en verander sy lewe. Sy huidige situasie kom dus deur Goddelike inisiatief alleen.

Let op hoe in verse 13-14 hy praat van ek-ek, maar nou gaan dit net alles oor wat God gedoen het.

(vgl hier ook Matt 16:17 waar die Here verklaar waar Petrus se geloof en belydenis eintlik vandaan kom)



16. Van **vers 16-24** verduidelik Paulus dan dat hy na sy roeping nie dadelik die raad van mense gaan soek het nie, maar na drie jaar wel. Hy het dus die evangelie so direk van Christus ontvang dat hy nie die bevestiging van die ander apostels nodig gehad het nie! Nee, hy gaan Arabië toe en daarna na Damaskus. Ons weet nie eintlik veel van hierdie deel van Paulus se lewe nie, en kan dit wees dat Paulus op daardie plekke onder die heidene begin preek het, of dat hy hom daar gaan afsonder het in gebed en besinning oor wat Christus aan hom geopenbaar het (sy toerusting).

Hy maak dit dan duidelik dat hy nie die apostels se goedkeuring gesoek het nie, behalwe later toe hy met Jakobus en Petrus 'n kort persoonlike ontmoeting gehad het – hulle invloed was minimaal. Hy sweer selfs in vers 20 voor God dat hy die waarheid praat. Hy beklemtoon dat die besoek van korte duur was en dat hy toe weer vertrek het na Sirië (waar Antiogië is vanwaar hy en Barnabas uitgestuur is) en Silisië (sy geboorteplek Tarsus is daar). Ons weet dat Barnabas daar vir Paulus gaan haal het (Hd 11:25).

In vers 22-24 vertel hy dat die gemeentes van Judea hom nie eintlik eers geken het nie, en toe hulle hoor van die groot ommekeer wat God bewerk het en dat hy, wat die kerk vervolg het, nou die evangelie verkondig, het hulle God daarvoor geprys (erken sy gesag en roeping).

Paulus is dus steeds besig om sy gesag as apostel te bevestig. In hierdie storie van sy lewe sit geen self-roem nie, maar dien as bewys dat hulle sy leer onvoorwaardelik kan glo (teenoor die leuens van die valse dwaaleraars).

Lees NGB art 3-7. Bespreek die gesag van die Skrif.

## **Galasiërs 2:1-10**

Paulus vertel nou verder hoe hy wel na die apostels in Jerusalem gegaan het en hoe hulle sy boodskap erken het. Hoewel sy boodskap dus nie van hulle goedkeuring afhanklik was nie het dit tog betekenis en gee dit versterking aan sy standpunt dat hy die gesagvolle apostel van die Here is.

Dit was dus nou veertien jaar na die eerste besoek waarvan in 1:18 melding gemaak is en verwys na die besoek wat in Handeling 15 verhaal word – soms ook die eerste christelike sinode genoem. Die besluit van die 'sinode' het leiding gegee oor die noodsaak van die besnydenis aldan nie, want in die kerk daar onder aanvuring van "mense uit Judea" (Hd 15:1) die aanspraak gekom dat die besnydenis noodsaaklik sou wees.

In **Gal 2:2** word gemeld dat Paulus op grond van 'n Goddelike openbaring na Jerusalem gegaan het. God het dus self die Jerusalem vergadering saamgeroep! Die besluit van die vergadering moet dus ook as 'n goddelike openbaring en riglyn aan die kerk beskou word – vandaar kry ons die kerkordelike begroning van meerdere vergaderings, soos ons tans het in klassis en sinode. U kan die gedeelte nou weer lees in **Gal 2** en sien hoe Paulus die saak aan die 'meerdere vergadering' voorgelê het en hoe hulle goedkeuring aan sy bediening gegee het. Dit gaan nie soseer om goedkeuring nie (onthou sy eerste argumentering in Gal 1:16-20), maar eerder die bevestiging van die waarheid vir die kerk destyds, en ook vir ons vandag. Paulus hoop om hiermee verdere twyfel uit die weg te ruim.

In **vers 8** kom ook duidelik na vore dat daar 'n verskil in roeping tussen die van Paulus en Petrus was. So kan ons ook vandag sien hoe die Here elke geroepene op sy eie wyse roep en bekwaam om in sy kerk 'n bepaalde taak te vervul.

Die rol en plek van Titus wat spesifiek hier genoem word (**Gal 2:1,3 ev**) het die doel om die impak te gee aan die hele saak van die rol van die besnydenis. Titus was immers 'n Griek en dus onbesnede! Die wat dit wel versoek het (*ingesmokkelde* mense onder valse voorwendsels), word deur Paulus afgemaak as hulle wat die vryheid in Christus weer wil verruil vir die slawerny aan die wet (**vs4,5**). Paulus en die apostels maak hier geen toegewings nie.

Die mooie is is die samevatting van hierdie episode waar die groot name van die apostels genoem word, en hulle mekaar die handdruk gegee het en mekaar as 'medewerkers' beskou en so vertrouwe inboesem by Paulus en so ook die ander gelowiges in Antiogië (Sirie) aan wie die brief in **Hand 15** geskryf is. Daarna word Paulus en Barnabas weer uitgestuur op hulle tweede sendingreis (Hd 15:32ev)

Die nota by **vers 10** dat die armes nie vergete moet bly nie wys dat die kerklike diakonaat ook op die agendas van ons kerklike vergaderings hoort.

*U gesprek mag moontlik handel oor ons huidige kerkreg en die besluite van die meerdere vergaderings. Die vraag bly immers: wat is die noodsaaklike en wesenlike dinge wat by sulke vergaderings se agendas tuishoort. Tans het ons die Dortse Kerkorde waarin ons 'n 'broederlike afspraak' met mekaar het volgens Art 31 KO dat die besluite van die meerdere vergaderings bindend is vir die kerke in die kerkverband van die GKSA. Wie hierdie besluite wil verander moet dit doen op grond van die Skrif, Kerkorde en Belydenisskrifte. Besluite van enige sinode of klassis kan dus verander word (die Skrif nooit!) – maar dan langs die kerklike weg van beswaarskrifte (gravamen).*

## **Galasiërs 2:11-16**

In hierdie tweede verhalende deel vertel Paulus van 'n pynlike ervaring in sy verhouding met die apostel Petrus en dien dit verder as bewys dat die evangelie nie van menslike oorsprong is nie en ook nie van menslike voorkeure afhanklik kan wees nie. Die kerkstryd in hierdie vroeë christelike kerk wys ons ook op die gebrokenheid van die kerk op aarde. Oor die eeue heen het kerkstryd dikwels oor onbenullighede gegaan en skeuring veroorsaak. Hierdie episode is egter nie oor iets onbenulligs nie.

Al hou ons nie van stryd en twis in die kerk nie, kan dit soms van groot waarde wees. Stryd bring immers suiwering en kan soms selfs noodsaaklik wees – neem maar die Reformasie as voorbeeld! In wese het die Reformasie oor dieselfde saak gegaan as waaroor Paulus hier skrywe: *Regverdigmaking (vryspraak) deur die geloof in Christus alleen!*

11. Petrus was vir een of ander rede in die gemeente van Antiogië in Sirië. Die gemeente was hoofsaaklik mense wat nie-Jode was - christene uit die heidendom. Petrus het geen probleem gehad om by die nie-Jode in te skakel nie en het selfs saam met hulle geëet. Sy optrede toe 'n afvaardiging van Jerusalem daar aangekom het het hom egter "*veroordeeld*" laat wees voor Paulus (en die gelowiges daar) omdat hy toe nie meer saam met die gelowiges uit die heidendom wou eet nie (liefdesmaaltyd). Paulus het hom dus openlik aangespreek en teengestaan, omdat dit neergekom het om blatante huigelry. (*Hoe moet ons die beginsel van Matteus 18 hiermee rym?*)

12/13. Die “mense van Jakobus” kom van die kerk in Jerusalem, waar Jakobus blykbaar die leier van die kerk was. Wat hulle in Antiogië kom doen het word nie vertel nie. Hulle het egter veroorsaak dat Petrus en van die ander in sy geselskap, wat selfs Barnabas ingesluit het, hulle eenkant gehou het. Hulle beswaar het te doen gehad met die feit dat Jode nie met die onbesnedenes mag saam eet nie. Daar het dus onder die vroeë Christene groot vroe bestaan oor die besnydenis, en lyk dit tog of hulle gedink het dat van die heidene wat tot geloof in Christus gekom het, verwag is om hulle te laat besny.

Petrus het egter goed geweet dat dit nie verkeerd was om saam met heidene te eet nie – In **Handelinge 10** het Petrus dit immers in ’n openbaring van God self ontvang (laken met rein en onrein diere).

Lees ook **Hand 11:3-17** hoe Petrus dit goed verstaan en selfs verdedig het.

Paulus sien Petrus se optrede dus as opperste skynheiligheid (toneelspel) en tree openlik teen hulle op.

Hier sien ons dat die onsekerheid oor die besnydenis se belang bepaalde vrees by die christene gebring het. Onsekerheid bring vrees. Vrees en liefde staan teenoor mekaar ( 1 Joh 4:17,18). Paulus neem sterk leiding om hierdie onsekerheid uit die weg te ruim.

14. Paulus se vermaning aan Petrus is openlik omdat hy reeds die ander Joodse-Christene beïnvloed het. Paulus wys hom op sy vroeë gedrag teenoor die heidene en dat dit tog bevestig dat die Joodse wettiese leefwyse (wat die besnydenis insluit) nou nie meer wesenlik deel van die christene se lewe hoort te wees nie. Dit raak vir Paulus die wese van die evangelie: vryspraak deur die geloof alleen.

Paulus se moedige optrede vir die evangelie staan direk in kontras met Petrus en sy mensevrees. Soms moet ons ook bereid wees om op te staan vir die waarheid, selfs al staan jy alleen (neem Luther as voorbeeld).

Was dit regtig nodig vir Paulus om so openlik op te tree in hierdie saak? Die volgende gedeelte (Galasiërs 2:15-21) toon duidelik aan hoe kardinaal hierdie reaksie van Paulus was vir die behoud van die suiwere evangelie (hier word dit genoem “*die waarheid van die evangelie*”- vs 14a) soos Christus dit self aan hom geopenbaar het.

Die gesag van die evangelie is dus direk van Christus en word nie bepaal deur die willekeurigheid van menslike onsekerheid nie.

### **Galasiërs 2:15-21**

15-16. Hierdie twee verse is soos ’n samevatting waaruit ons kan aflei waarom die stryd in die kerk destyds gehandel het: *Die wet teenoor die geloof! Vryspraak deur die geloof alleen.*

Die verskil tussen gelowiges (christene) uit die heidene en diegene uit die Jode (Israeliete) is daarin geleë dat die Israeliete die wette van Moses gehad het en die heidene nie. Tog word almal op dieselfde wyse salig: alléén deur die geloof in Christus. Sy konklusie na sy betoog is duidelik in vers 16: “*want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie*”.

Die woord “vrygespreek” (geregverdig) word hier die eerste keer in Galasiërs gebruik en kom 3x in hierdie twee verse voor. Die woord herinner sterk aan die regsberoep waarin die aangeklaagde deur ’n regter vrygespreek word omdat sy skuld betaal is. By God, die hemelse Regter, word skuldiges geregverdig verklaar of vrygespreek omdat Christus vir ons die skuldbrief geword het (tetelestai – dit is volbring!) Rom 5:19.

17-21. Nou gaan Paulus aandui hoe waardeloos die onderhouding van die wet geword het vir die doel van vryspraak. Ons lees die NAV daarom gee ek eers ’n aanhaling van die 1953 Vertaling:

17 Maar as ons wat streef om in Christus geregverdig te word, self ook sondaars bevind is, is Christus dan 'n dienaar van die sonde? Nee, stellig nie!  
18 Want as ek weer opbou wat ek afgebreek het, dan betoon ek myself 'n oortreder;  
19 want deur die wet is ek vir die wet dood om vir God te lewe.  
20 Ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.  
21 Ek verwerp nie die genade van God nie; want as daar geregtigheid deur die wet is, dan het Christus tevergeefs gesterwe

Volgens die dwaalleraars leer Paulus dat die wette van Moses (besnydenis en voedselwette) maar oortree kan word en dus is Christus ’n dienaar van die sonde! Sy betoog is dan dat ons wat soek/strewe na die regverdigmaking deur Christus alleen, nie die wet oortree nie: Stellig nie! Beslis nie! Hy bewys egter dat ons vir die werke van die wet, om daardeur gered te word, dood is (19). Die gevolg hiervan is egter dat ek nou deur Christus ’n nuwe lewe ontvang. Christus lewe in my!  
Lees nou ook Filippense 3:9.

Sonder dat dit hier vermeld word weet ons tog hoe dit kom dat ons nou lewe: deur die lewendmakende Gees van God. Die werke van die geloof (bv. die nakoming van die wet) is immers nou die gevolg van my verlossing uit genade (deur geloof) en dus leef ek nou... in Christus leef ek, deur die Gees – die lewendmakende Gees van Christus. Nou volg die werke (Gal 5:22 evv).  
My werke is werke uit geloof omdat ek weet dat God sy liefde vir my bewys het toe sy Seun sy lewe vir my afgelê het (vs 20). **Die werke pas dus nie by die redding nie, maar wel by ons dankbaarheid vir die redding!**

Bespreek die implikasies van die stelling van vers 21: “As ’n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers beteken dat Christus verniet gesterwe het.”

### **Galasiërs 3:1-14**

*Hier begin die tweede hoofdeel van die brief, waarin Paulus nou sy frustrasie met die dwalende Galasiërs aandui. Vir hom is dit immers pure dwaasheid dat hulle “so gou van die evangelie afvallig geraak het” (1:6). Paulus stel die geloof en wet as weg tot redding direk teenoor mekaar, om aan te dui dat wie deur die werke van die wet (wat besnydenis insluit) gered wil word nog onder die vloek val. In hierdie deel is Paulus skerp aanvallend en rig hy homself direk tot die dwalende gelowiges in Galasië. Ons hou dikwels nie daarvan as iemand so aanvallend met ons praat nie, maar hier sien ons dat dit soms uiters noodsaaklik is as die kernboodskap van die evangelie in die gedrang is.*

1. Eers plaas plaas hy die klem op hul wanbegrip (OAV – onverstandigheid). Dit is eenvoudig dwaas en onverstandig om “die evangelie van genade alleen” los te laat. Hy beskuldig dan die dwaalleraars dat hulle die gelwoiges “betower” het. Hulle verstand is benewel. Hulle het hulle laat verlei deur hierdie valse

leraars met hulle praatjies. Hulle is so benewel dat hulle nie meer Christus kan raaksien nie – die Een wat so duidelik aan hulle verkondig is dat hulle Hom as't ware aan die kruis kon sien hang.

*Moet ons nie ook bid vir die predikers van vandag hulle Christus so duidelik aan ons verkondig nie? As daar so goed gepreek word het ons nie prentjies en beelde nodig om Christus aan ons voor stel nie. Kyk wat leer ons van beelde in die kerk in HBK Sondag 35 vraag 98.*

Paulus se styl in hierdie heftige betoog is byna dié van 'n hofspraak waarin allerlei bewysstukke voorgelê word. Paulus hou sy lewendige prediking van die die evangelie (*asof julle Jesus aan die kruis kon sien hang*) so voor as sodanige bewysstukke. Wat staan op hierdie preek/skets? Jesus Christus die gekruisigde! Die kruisiging van Jesus is immers die enigste weg tot die versoening wat nie deur die werke van die wet bereik kon word nie.

*Ds Bogaards (p54) vergelyk die optrede van die dwaalleraars met die vandaliste wat gereeld beroemde skilderye skend (bv. die Nagwag van Rembrandt wat al dikwels deurgeloopt het).*

2-3. Sy duidelike prediking is sy eerste 'bewysstuk' in sy aanklag dat hulle onverstandig optree. Nou volg die tweede 'bewysstuk': Hulle eie geloofservaring. Hoe het julle die Heilige Gees ontvang? Deur die wet of deur die geloof? As jy dink dat dit deur die werke van die wet was (maw omdat jy so oulik was om gehoorsaam genoeg te wees) dan staan jou geloof immers op eie krag. Dan is jy jou eie verlosser, dan het jy Christus nie nodig nie. Dan was die kruis van Christus tevergeefs! Die antwoord op sy vraag is immers vanselfsprekend: Die Heilige Gees het gekom deur die prediking van die evangelie van Christus.

Die Heilige Gees kom immers in ons harte deur die prediking – Gees en Woord kan nooit van mekaar losgemaak word nie.

Gees en vlees (eie krag) word duidelik teenoor mekaar gestel. Later sal Paulus weer terugkom op die sondige praktyke van die vlees versus die vrug van die Gees (Gal 5).

4. Sy derde bewysstuk is hulle eie ervaring van vervolging en swaarkry vir die evangelie. Wat hierdie swaarkry behels het word nie gesê nie. Slegs word gestel dat dit nie verniet kon gewees het nie.

5. Die gevolgtrekking wat Paulus nou maak (in vorm van 'n vraagstelling) is dat God self hier aan die werk was. Geloof is immers 'n gawe van God deur die kragtige werk van sy Gees. Sy bewys hiervoor haal hy uit die lewe van Abraham wat alleen deur die geloof geregverdig (vrygespreek) is (vs 6-9).

6-9. Paulus gebruik nou die Skrif self (die OT wat hy destyds as 'Bybel' gehad het). Hy gebruik sy begroning vir vryspraak deur geloof alleen, deur na Abraham te verwys – Abraham is deur die geloof geregverdig (6). Die gevolg is dat almal wat glo, soos Abraham vrygespreek is (7). Meer nog, God het die belofte gegee dat in Abraham (= beteken 'vader van baie volke') al die nasies geseën sal word. Dit is wat nou gebeur het dat almal, Jode en nie-Jode deur die geloof in Christus geseën word met die versoening wat deur die kruis verkry is! Die wet is egter uitgesluit as dit die vryspraak handel. Die wet het dus heeltemal 'n ander plek in die Skrif.

10. Almal wat die wet beskou as die weg tot redding en saligheid, moet verstaan dat hulle steeds onder die vloek van die sondeval bly, omdat niemand in staat is om die wet TEN VOLLE te onderhou nie. Paulus haal Deut 27:26 aan om te bewys dat as jy die wet deur jou hele lewe nie stiptelik kan onderhou nie, jy onder die vloek val. Daar bestaan nie so 'n sondelose mens op die hele aarde nie! As Christus dus nie die vloek vir ons aan die vloekhout gedra het nie, sou daar geen kans op redding wees nie.

11. Net soos Paulus by Rom 1:17 aanhaal uit Hab 2:4, doen hy dit hier weer. Hy beklemtoon egter die NIEMAND wat uit die wet geregverdig word nie, maar deur die die geloof alleen.

12. Die verduideliking in hierdie vers beklemtoon dat die wet om eie werke of dade gaan. Jy kan egter nie jouself red met jou dade van gehoorsaamheid aan die wet nie, omdat jy nie volmaakte gehoorsaamheid het nie.

*[Die wet was immers “die tugmeester na Christus toe” ( OAV - Gal 3:24,25) – dws die wet moes ons leer wat sonde is, sodat ons ons sonde kan ken, en kan verstaan (verstandig kan wees) dat ons ’n ander Verlosser as onself nodig het]*

13. Vir diegene wat dus beswaard in hul gemoed kan wees omdat ons nie die wet TEN VOLLE kan onderhou om daardeur gered te word nie, kom Paulus nou by die heerlike hoogtepunt van die evangelie: Christus het (verlede tyd) ons losgekoop van die vloek van die wet deur self ’n vervloekte (gekruisigde) te word. Die aanhaling uit Deut 21:23 wys dat die kruisdood deur God vervloek is en dat Jesus daardeur in ons plek die vloek van God oor die sonde gedra het (HBK Sondag 15, vr 39).

14. Wie dus glo in die gekruisigde Christus word deel van die gelowiges, soos Abraham, én aan al die seëninge wat God aan Abraham toegesê het en natuurlik in Christus bewaarheid het.

*Die dwaalleraars het die wet dus misplaas en daarmee die skildery van Christus aan die kruis geskend. Vir hulle was die wet die MIDDEL TOT SALIGHEID en redding. Bv. as jy dit of dat doen of nie doen nie, word jy gered al dan nie. In hulle konteks – as jy nie besny is nie kan jy nie gered word nie.*

*In die Christelike en gereformeerde geloof mag daar egter niks anders verkondig word as die weg tot saligheid nie, behalwe redding en ewige saligheid deur die geloof in die gekruisigde en opgestane Christus alleen. Die wet se regte plek: dit herinner ons veel eerder aan ons sondetoestand en maak ons bewus van die noodsaak dat ons iemand anders as onself nodig het om ons van ons sonde en die vloek daarvan te verlos.*

*Dan hoor ons die soete klanke van die heerlike evangelie van Christus: Christus het in ons plek ’n vervloekte geword en ons so van die straf en vloek van die sonde bevry! (Vers 13) Deur die geloof kry ons deel aan Christus en die verlossing wat hy bewerk het.*

### **Galasiërs 3:15-29**

15. Nou gaan Paulus verder om sy betoog te verduidelik met ’n beeld uit die alledaagse lewe: ’n **testament**. ’n Testament hou ’n belofte in van die testamentmaker aan die erfgenaam, en is dus ’n baie goeie voorbeeld om die verbond van God met sy kinders te verduidelik. ’n Testament is ’n onveranderlike belofte. God se verbondsbelofte aan Abraham word hiermee vergelyk. God het sy belofte aan Abraham en sy “saad” gemaak (Gen 15). Abraham het net in hierdie belofte woord van God geglo en dit het hom in die regte verhouding (verbond) met God gebring. Slegs deur die geloof!

16. Dan volg die insiggewende dat die belofte aan Abraham en sy nageslag gemaak is, maar dat die enkelvoud (saad) op die Een belangrike Nakomeling wys, naamlik Christus. Die beloftes is opgeteken in Gen 22:17-18.

Elke keer is die enkelvoud van nageslag/nakomeling/saad gebruik. Dit sien dus op die Een Persoon, nl. Jesus Christus. Tog is die woord ook ’n versamelnaam en dui dit op sy nageslag wat soos die sterre van die hemel en die sand van die see sal wees. In vers 29 gebruik Paulus dieselfde woord in die meervoud. Hierdie belofte gaan nie om die vleeslike nageslag nie, maar die geestelike nageslag van Abraham. Hy is dus ‘die vader van al die gelowiges’, maar hulle word deel van hierdie geestelike nakomelinge deur die Een Nakomeling wat die die testament tot uitvoer bring. Die seën van die verbond/testament kom deur die een Saad, en in Hom is die geestelike/gelowige saad (menigte van al die gelowiges) geseënd.

Vir sy aardse nageslag het dit maar net die beloofde land Kanaan beteken, maar deur die Een Saad, is daar vir die geestelike nageslag die geestelike vaderland, die ewige Kanaan! (Heb 11:8-16, Heb 4). Christus is die

enigste Erfgenaam van hierdie beloftes, maar deur die geloof in Hom alleen is ons mede-erfgename saam met Christus, want deur die geloof in Christus word ons tot kinders van God aangeneem. (Vgl Rom 8:15-17)

17. Die wet het eers 430jr later gekom, na die uittog uit Egipte, by Sinaï in die woestyn. Onthou nou: Niks kan 'n testament ongeldig maak of verander nie! Dus kon die koms van die wet en gebooie by Sinaï niks aan hierdie verbond/testament en sy beloftes verander nie. Ook nie die weg tot saligheid kon nie verander nie. Voor die wet was dit slegs deur die Een nakomeling en so bly dit ook nadat God sy Wet gegee het.

18. Paulus bevestig net sy argument dat deur die teendeel te stel: As jy die seën kry deur die wet, dan kry jy dit mos nie meer deur die belofte wat jy glo nie! Dan is dit nie 'n erfdeel nie, maar 'n verdienste.

Dus: ook by Sinaï se wetgewing het dit nie gegaan dat die wetsonderhouding moes dien as MIDDEL TOT SALIGHEID nie! Nee die wet moet 'n ander plek hê.

*Kan julle ook sien in die inleidende woorde van die Tien Gebooie dat die wet gegee is as reël vir die verbondskinders se lewe, maw om verlore mense te wys hoe hulle gedrag in hierdie verbondsverhouding moet wees? (Lees die inleiding... "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die slawehuis uitgelei (verlos) het..." en dan volg die gebooie vir die volk en hulle dankbaarheid vir hierdie uitredding!*

19-29. Nou dui Paulus die plek van die wet aan. Die wet wat deur die tussengangers (engele) gebring is, het die doel gehad om die verhouding te reël totdat Christus kom. As Christus kom, Hy wat self God is en ook Middelaar, dan het ons nie die engele as tussengangers nodig nie, en dus ook nie die wet nie. Omdat die wêreld vol sondaars is, kan die wet niemand red nie.

Vers 22 en 23 handel oor die greep van die sonde op die mens. Ons was vasgevang (soos in tronk 'opgesluit' onder die wet (voor Christus gekom het). Hierdie twee verse gebruik gevangenisterminologie – vasgevang en gevange gehou. Die sonde plaas ons in die gevangenis van die verwagte vloek en straf, met die wet as die sipier/bewaarder. Die sondaarmens kan homself nie hieruit verlos nie. Net deur die geloof in Hom wat dit bewerk het is verlossing uit hierdie greep van die sonde-tronk moontlik.

Nou gebruik Paulus 'n bekende voorbeeld uit hulle alledaagse lewe. Die wet was die tugmeester (vs 24OAV, Grieks = **paidagogos**) na Christus toe. Paidagogos laat ons dink aan "pedagoog", 'n opvoeder, maar in die Romeinse konteks was dit gewoonlik 'n slaaf wat 'n kind in sy skoolgaan begelei het, sy skooltoerusting gedra het en streng toegesien het dat hy sy huiswerk doen. Geensins 'n simpatieke persoon nie. 'n Behoorlike toesighouer. 'n Kind wat onder sulke toesig gestaan het kon nie wag vir die dag van sy vryheid nie. In die ou bedeling was die wet dus die 'n harde leermeester. Doen dit, doen dat! Reël op reël. Gebod op gebod.

Vers 25: "maar nou dat die geloof gekom het staan ons nie meer onder die wet (toesig van die tugmeester) nie." Christus is ons Groot Bevryder, wat die kerkerdeure oopgesluit, oopgeskeur het!

Christus het ons vrygemaak en dus word die wet nie meer die reëls wat nagekom moet word vir redding nie, want dit het Christus klaar gedoen. Hy is ons Verlosser. Die wet dien egter nou wel soos simpatieke leermeester, as etiese riglyn vir die lewe uit die geloof. Ons wat dus saam met Christus gaan erf (op grond van die belofte wat ons glo), word deur die wet aangespreek (getug) oor ons sonde, sodat ons altyd bewus sou bly van ons behoefte aan 'n Verlosser – wie weet dat hy 'n sondaar is, weet ook dat 'n Verlosser noodsaaklik is. En die Een wat daaraan beantwoord is Christus!

Die wet is dus nie in stryd met die verbond nie. Noudat Christus gekom het, en ons deur die Doop met Hom verenig is en deel is van hierdie verbond en die beloftes, moet ons lewe soos mense wat aan Hom behoort – en daarvoor gee die Gebooie van die Here vir ons die regte insig en leiding.

Die wet is dus nie deel van die redding nie, maar van die heiligmaking!
---

En dit geld vir alle mense (28). Dit is die opspraakwekkende konklusie vir daardie tyd. Niemand is uitgesonder van hier weg van redding nie. Deur die geloof word jy deel van die huisgesin van God. Lidmaatskap hiervan word nie bepaal deur rang, geslag, of afstamming nie. Almal is een en dieselfde in Christus. Een en dieselfde verlossing deur Een Verlosser en deur een en dieselfde geloof. Hierim kom Paulus terug op die tema wat hy reeds in Gal 3:14 aangespreek het. Almal wat dus in Christus glo, is nakomelinge van Abraham en dus erfgename van God, in en deur Christus Jesus!

*Dr. Lategan verwys in sy kommentaar (p 73) na die moontlikheid dat die stellings in vers 26-28 byna soos 'n geloofsbelydenis klink. Dit laat die vermoede ontstaan dat hierdie woorde destyds moontlik by die doop as 'n soort doopsformule gebruik is. Dit kom ook ooreen met ander tekste waar Paulus ook na die doop verwys en die eenheid van die gemeente beklemtoon word (1 Kor 12:13; Kol 3:9-11). Terwyl Paulus dus in hierdie brief die onsinnigheid van die joodse wet en gebruike (o.a. die besnydenis) uitwys, verwys hy reeds na die doopsgebruike van die nuwe bedeling. Besnydenis weg, doop reg! Implisiet sien ons dus dat daar destyds sprake is van die doop wat in die plek van die besnydenis gekom het!*

*(Lees gerus ook Kol 2:11,12 om 'n ander manier van Paulus te lees oor die doop wat in die plek van die besnydenis gekom het)*

### **Galasiërs 4:1-7**

*In hierdie paar verse (wat sterk herinner aan die woorde van Rom 8:15-17) toon die apostel aan hoe ons status voor God deur die geloof in Christus verander van slawe na seuns. U sal onthou uit Romeine 6 en 8 dat hierdie tema breedvoerig behandel is – dat ons vrygemaakte slawe is wat soos kinders in die huis geword het; slawe wat vrywillig wil doen wat God wil en dus sy geboorte gehoorsaam as deel van ons nuwe status en lewe. Slawe wat kinders word en dus ook erfgename van God, saam met sy seun, Jesus Christus!*

1-3. Die beeld van die testamentmaker en sy erfgename kom weer aan die orde. Minderjarige kinders is immers daarin dieselfde as slawe omdat hulle nog nie die erfdeel ontvang het nie, omdat hulle nog minderjarig is. Hulle leef dus net met die belofte. Hulle staan nog onder toesig van die voogde. Hierin word verwys na ons slawerny onder die wettiese reëls. Enige vorm van wettisisme is dus 'n teken van geestelike onmondigheid!

4. Die groot wending word hier ingelei deur die gebruiklike “MAAR”. Die groot verandering van slawe na kinders het op God se tydsbepaling gebeur. Dan verwys Paulus na die spesifieke tydsbepaling (Gr: Chronos) soos deur God beskik. Dit was immers nie God se bedoeling dat ons slawe moes wees nie, en daarom het Hy vir ons beloftes gegee van 'n Verlosser. (Die Ou Testament hang aan hierdie beloftes wat by die moederbelofte begin het).

Die Nuwe Testament bring die vervulling van die beloftes! Die eerste testament gaan in vervulling en beloftes word vervul. Dit gebeur op die regte tyd, die presiese tyd wat God van ewigheid af daarvoor bepaal het. Die chronos! Die uur van God se belofte word vervul in die geboorte van Christus. (Begrip ‘volheid van die tyd’ kom ook voor in Ef 1:10)

*In die Griekse Bybel kry ons twee woorde vir “tyd”: **Chronos** (54x in NT) **en Kairos** (85x).*

*\* Ons sou kon sê dat **Chronos** is die woord vir die gewone duur van horlosie-tyd. Dink aan die woord **chronologie**. Alles wat in 'n bepaalde kronologiese volgorde verloop. So het God in “die volheid van die tyd” sy Seun na hierdie wêreld gestuur (Gal 4:4). Presies op die regte tyd soos oor die eeue heen in die geskiedenis deur God vasgestel, nadat Hy sy verbondsvolk deur die eeue heen bewaar het, het die geboorte van Jesus Christus ons Verlosser, in die nederige stal van Betlehem plaasgevind. So is ook al ons tye in die hande van God!*



\* Die woordjie **Kairos** wat ook met “tyd” vertaal word, dui egter meer op ’n bepaalde oomblik in hierdie tyd. Ons sou kon praat van die oomblik van waarheid. Kairos is soos “die regte oomblik”, die besondere dag, die deurbraak, die uur van vervulling, dié openbarings-moment van verlossing! Die kairos is soos die dagbreek van ’n nuwe era in die tyd (chronos). ‘n Oomblik van verlossing en oorwinning.

So kan u goed verstaan dat die geboortedag van die Seun van God ’n “kairos” vir die hele mensdom was! Die hele geskiedenis van die mens wentel om hierdie groot oomblik van waarheid! Maar hier word die klem op die tydbeskikking geplaas (**chronos**) om aan te dui hoe God getrou sy belofte vervul het deur alles presies in die regte tydsverloop te laat gebeur het. Hier besing ons weer die getrouheid van God wat sy beloftes stiptelik nakom!

5. Hy is gebore om ons los te koop. Loskoping het altyd gebeur deur die offer van ’n dier en die bloedvergeëting daarmee gepaard. Die geboorte van Jesus het niks te make met ’n sentimentele Kersfees nie, maar eerder met die gedagte van loskoping – dit impliseer duidelik dat Hy gebore is om te ly, te sterf (sy bloedstorting) en op te staan. Die wese van Kersfees gaan dus ook eerder om die betaling en die gevolglike verandering van ons status deur die bloed en betaling van Christus. Hy is “gebore onder die wet” om so in ons plek te kon staan. Dit gaan dus om sy plaasvervangende lyding. Daardeur kon ons aangeneem word as kinders van God. Laat ons weereens besin oor die wonder van ons aannemings!

6. Die Trinitariese lyn van vers 4-6 is opvallend. Die Vader stuur sy Seun (4) en omdat Hy ons kinders van God gemaak het gee Hy sy Heilige Gees in ons harte, sodat ons (aangenome kinders) vir Hom kan sê ‘Abba’. ’n Aangenome kind moet immers tot die geloof kom dat sy aanneem-pa nou sy wettige pa is! Ons moet dus tot geloofsbelydenis kom!

*In terme van die Doop kan ons hier weer die noodsaak raaksien dat gedoopte kinders tot geloofsbelydenis moet kom en dat die ouers hierdie taak moet nakom om hulle kind op hierdie weg te begelei.*

7. Konklusie: Slawe het in Christus seuns ( kinders) en erfgename van God geword. Alles net genade!

## **Galasiërs 4:8-20**

*Nou gaan Paulus oor tot die eintlik doel van die skrywe van hierdie brief. Hy wil nie dat hulle weer terugval in hulle geloofsgroei nie. Sy trant is steeds ferm en streng. Selfs hou hy nie van die toon in hierdie brief nie, want in vers 20 wens hy dat hy van oog tot oog met hulle op ’n ander trant sou kon praat. Sy probleem is egter dat as hulle sou vashou aan die Joodse gebruike van feeste en dae en gewoontes, soos ook die besnydenis, dan sou Paulus se werk tevergeefs gewees het, en dan sou Christus tevergeefs gesterf het! Hierdie deel is dus die ernstige waarskuwing om nie weer terug te sak in die ou joodse wettisisme nie en uit te val uit die genade nie. In vers 17 beskuldig hy die valse leraars van onsuiverbedoelings en waarsku die gemeente direk teen hulle.*

8-9. Vroeër was hulle in die droewige situasie sonder God en dus slawe van die sonde. “Noudat God julle ken” is die bron daarvan dat julle vir God ken: Die verbondsverhouding begin altyd met die inisiatief van God. Om christen te word is dus ’n gawe van god af.

Hierdie ‘kennis’ is meer as verstandskennis. Dit dui op ’n intieme verhouding. Maar dan kom hulle en val weer terug in die armsaligheid van wat hulle vroeër gehad het. Kan u Paulus se frustrasies verstaan.

10. Hierdie vers gee praktiese voorbeelde van dinge waaraan die dwaalleraars vashou en nou aan die gemeente verkeerdelik leer. Joodse gewoontes, terwyl hulle nie jode is nie. (In 5:1-4 word die besnydnis ook by hierdie onsinnige voorskrifte ingesluit).

11-20. Omdat Paulus bang is dat sy werk onder hierdie kerke verwoes sal word met hierdie valse voorskrifte is hy baie ontsteld en spreek hy hom openlik teenoor hulle uit. Hy smeek hulle (12) eintlik om nie terug te sak in die wettisme nie. Hy wil dat hulle soos hy word. En dan verwys hy na die verlede toe hulle die eenheid in Christus so goed ervaar het – toe hulle in die begin Paulus tydens sy siekte opgevang en versorg het. Hy speel op hulle gevoelens sodat hulle weet dat hy dit opreg met hulle bedoel en dat, al praat hy nou so kwaai, hy hulle nogtans intens liefhet. Moontlik het Paulus destyds toe hy by hulle begin preek het, ernstige oogprobleme gehad, en het hulle hom met groot simpatie versorg – hulle sou selfs hulle oë vir hom wou uitgrawe (15). Paulus het waarskynlik na sy Damaskus-ervaring ernstige oogprobleme gehad (hd 9). Die dramatiese stelling dat dit nou lyk of hulle eerder vyande as vriende is moet nie onderskat word nie – onthou hoe Paulus dink oor enigeen wat die evangelie (van genade alleen) verdraai (1:8,9S) Sy hartseer oor hierdie afvalligheid is vir hom so erg soos geboortepyne. Hy is werklik ernstig besorg oor die gelowiges. Is ons ook so besorg oor die ander mense en kerke se redding en die suiwere waarheid?

### **Galasiërs 4:21-5:1**

#### **(figuurlike verstaan van Sara en Hagar – twee verbonde**

21-22. Die wat die pad wil volg om deur hulle eie gehoorsaamheid aan die wet geregverdig te word, word nou aangespreek deur die twee verhale van die vroue van Abraham – die slavin, Hagar en die vrye, Sara. Hiermee verdedig Paulus weer dat ons slegs en alleen op grond van die geloof in die beloftes van God gered word.

23-26. Ismael is na die vlees gebore, gewoon volgens die natuurlike weg. Maar Isak was die seun van die belofte wat eers gebore is toe Abraham nie meer kinders kon verwek nie. Lees Rom 4:19 en Heb 11:12. Hierdie twee werklike verhale is ook figuurlik te verklaar en staan vir twee verbonde.

Die verbond van die natuurlike weg is selfverlossing deur die werke van die wet en is gesluit by Sinai met die gee van die Tien Gebooie. En dit staan vir Jerusalem, waar die setel van die Judaïsme is – hulle wat die weg van die wet volg en slawe van die wet is. Sinaï is in Arabië, dws nie in die beloofde land nie. Die werkverbond bring ons egter nie by by ons erfenis (Kanaan) nie.

Daarteenoor staan die geestelike of hemelse Jerusalem (OAV – “Jerusalem daarbo”), en dit is ons almal (gelowiges) se moeder.

Die werkverbond staan dus teenoor die genadeverbond. Calvyn noem hierdie hemelse Jerusalem die gemeente. **Die Here is ons Vader, maar die kerk is ons moeder!** Sy voed haar kinders deur die verkondiging van die Woord, die brood van die lewe.

27. In hierdie vers gee Paulus ’n Skrifbewys vir sy bogenoemde stelling deur aan te haal uit Jesaja 54:1. As jy die kerk het as jou moeder dan is ons ’n hele familie, broers en susters, ’n hele gesin van God. (Jesaja 54 sinspeel op die kinderlose geskiedenis van Sara en Hagar). Skat ons die band van die bloedfamilie in Christus na waarde?

28. Paulus praat steeds nog met gelowiges uit die heidene (die Galasiërs) – Julle is ook kinders van God kragtens die belofte. Die wonder is juis dat die bloed van Christus die grense oorskry. Onthou dat die dwaalleraars in die gemeente dit betwis het deur te eis dat heidene eers besny moes word. Soos Isak, wat

wonderbaarlik gebore is, deur die geloof en nie uit die natuurlike krag van die liggaam nie, so is dit ook met die heidene. Deur God se belofte het Hy hulle as kinders van Abraham verwek. Abraham is die vader van al die gelowiges.

29. Gen 21:8-9 is hier ter sprake waar Ismael met Isak gespot het. In die diepste sin van die woord het Ismael nie met Isak gespot nie, maar met Christus wat uit Isak gebore gaan word! Die draak en die slang het maar altyd sy oog op die Christus (Op 12). Die stryd en teenstelling tussen die gees en die vlees kom nou sterk na vore en sal later in diepte uitgewerk word (Gal 5). Die stryd tussen kerk en wêreld, geloof en ongeloof is dus 'n noodwendigheid.

30. Lees eers Gen 21:10-12. God gee die opdrag aan Abraham en Sara. So ook aan ons. Ons moet die onderskeid tussen geloof en ongeloof erken en nie huiwer in die stryd en die toepassing van die tug nie.

31. Gevolgtrekking aan einde van die gedeelte van 4:21-30: Ons is nie slawe nie, maar vryes. Ons is vrygemaak en vrygekoop en moet ons nie weer onder enige slawejuk laat indwing nie. Lees Gal 5:1 hiermee saam.

Hier kan ons weer die vrywillige slaafskap aan Christus bespreek – Rom 8:14-17; en Deut 15:12-18.

### **Galasiërs 5:1-12**

1. Nou handel ons verder oor die bewaring van hierdie vryheid wat ons in Christus het. Ons kan dus gesels oor 'n definisie van ware vryheid.

Vryheid soos die wêreld dit sien is niks anders nie as losbandigheid. (Maak soos jy wil, want jy is mos 'n mens met 'n vrye wil). Omdat ons sondaars is, het ons nie 'n vrye wil nie.

Wie in Christus glo, se wil om sonde te doen, word deur die werking van die Heilige Gees vrygemaak. Daarom kan ons nie maar doen wat ons wil nie (5:17). Ons doen nou deur die genadekrag van die Gees, dit wat God wil. Daarom moet elke keuse biddend gedoen word.

Vryheid in Christus is dus nie ongebondenheid nie, maar juis verbondenheid aan God in Christus. En dan doen ons deur sy krag die dinge wat ons noem: vrug van die Gees (Gal 5:22). Juis omdat ons nie meer deur ons daade gered word nie, gaan ons onself ook nie weer onder daardie ondraaglike juk laat plaas nie. Ons is vrygemaak om nou die Here te gehoorsaam uit dank vir sy genade.

2-4. Die slawejuk van die “jy moet eers besny word” sal die offerande van die bloed van Christus ongeldig maak. As jy die een vereiste vir redding voorstel (besnydenis) wel, dan moet jy die hele wet onderhou. En ons weet dat net een sonde teen die wet genoeg is om totaal verlore te gaan. As iemand dus die pad wil opgaan van voorskrifte en voorwaardelike verlossing, dan het hulle van Jesus Christus afstand gedoen en die band met Hom verbreek. (Lees nou weer Gal 1:8,9).

5. Die teenpool is egter waar: Vryspraak voor God deur Christus alleen. Dit is ons hoop en verwagting. Dit beteken nie iets soos 'n vae hoop asof ons dit nog nie het nie (lees Gal 5:1 en ook Rom 5:1 – let op die afgehandelde en voltooië verlede tyd).

“Hoop” in die Skriftuurlike sin is nie 'n oppervlakkig wens nie, maar 'n vaste sekerheid en anker. (Heb 11:1) Hoop in die Skrif is vasgemaak aan die ewige beloftes van die Getroue Verbondgod!

Let net op na hierdie vers dat die sekerheid wat hier ter sprake is nie uit jouself kom nie, maar “deur die werking van die Gees”.

6. Hierdie mooi vers is die moeite werd om te memoriseer. Die besnydenis is niks. Geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan is al wat belangrik is.

7-12. Onthou u dat Paulus baie ontsteld is oor die dwaling in die gemeentes van Galasië. Hier kom dit weer duidelik na vore: Die dwaling kom nie van God nie. Julle is op die verkeerde pad. Julle luister na die verkeerde predikers! Laat die wat in die besnydenis hulle vertrou stel, liever hulleself heeltemal ontman! Mag God hulle straf (Gal 1:8,9). Julle moet julle inspan om anders te dink.

**Lees nou Filippense 3:2** - "Let op die honde; let op die slegte arbeiders; let op die versnyding." (1953 vert)  
*Dwaalleraars word honde genoem! Die besnydenis 'n sinlose versnippering!*

### **Galasiërs 5:13-26**

13-15. Nou word dit in hierdie gedeelte duidelik: vryheid is nie wetteloosheid nie, maar wetsvervulling – net op die regte manier – dws nie uit angst om verlore te gaan nie, maar uit dank vir die redding. Dus is vervulling van die wet deur die krag van die Gees, veel meer as net blote gehoorsaamheid soos die dwaalleraars dit verkondig het. Ware liefde is die basiese rede vir gehoorsaamheid aan God. Losbandigheid sou dus ook nie ware vryheid wees nie. Jy kan nie die wet nou maar los nie. Jou motivering om gehoorsaam te wees lê dus in Christus. Onderlinge stryery en vyandigheid pas immers nie by mens wat hulle deur die Gees van Christus laat lei nie.

16-18. Ou vertaling gebruik die woorde in vers 16: "wandel deur die Gees" (ook vers 25). Lees hier gerus Psalm 1. Die begrip kan verstaan word as ons dink aan 'n korporaal wat 'n klomp troepe laat marsjeer en vir hulle bevele uitroep en hulle volg sy bevele – in pas met sy stem. Dit gaan oor jou hele lewenswandel wat in pas kom met die roepstem van die Gees – ware Geesvervulling is immers nie om meer van die Gees te kry nie, maar om meer te doen wat die Gees deur die Woord ons leer.

Die teenstelling tussen Gees en vlees kom hier duidelik aan die orde. Hulle direk teenoor mekaar (vs 17). En dan kom die heerlike troos, dat as jy jou deur die Gees laat lei, jy nie meer onder die slawerny van die wet staan nie (vs18). Die innerlike stryd van die gelowige is dus om steeds minder vleeslik en meer geestelik te wees.

19-21. Hier word die sondige praktyke (werke van die vlees) gelys:

- Die eerste word **onsedelikheid** genoem. (lett: hoerery). Om te hoereer is Bybels 'n oorhoofse term vir die liefde vir ander gode. Dit is dus 'n samevattende woord vir al die sondige praktyke. *(In vers 22 is die eerste begrip - die liefde – die samevattende begrip vir die vrug van die Gees).*
- Die eerste vier begrippe gaan oor **sedelike losbandigheid**
- Dan volg die sondes van **afgodery en towery**
- **Vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring** raak ons lewe in ons menseverhoudinge
- **Dronkenskap, uitspattigheid (brasserye)**, ensovoorts... raak ons vergrype aan drank en kos.

Hierdie lysie is nie bedoel om volledig te wees nie, want dan sou die lys te lank wees.

Wat ons wel duidelik hoor is dat mense wat in hierdie sondes volhard daarmee wys dat hulle nie aan Christus behoort nie, en dus nie deel het aan die erfenis nie.

22-23. Die lysie van die **vrug van die Gees** is baie mooi georden en alhoewel daar nege genoem word, staan onder die enkelvoud “vrug” – dus hoort dus soos een pakkie bymekaar in die lewe van geestelik mense:

*Liefde, vreugde en vrede* – profetiese taak

*Geduld, vriendelikheid en goedhartigheid* – die priesterlike taak

*Getrouheid, nederigheid en selfbeheersing* – koninklike taak

Ons het hier dus te make met die kenmerk van die Christelike lewestyl wat ons anders maak as die wêreld.

Ook maak hierdie lys nie aanspraak op volledigheid nie, en roep dit die kenmerke van ’n christelike lewe soos dit deur die hele Skrif voorgehou word na vore (Bv. Spreuke)

Lees nou Joh 15:1-14.

Die vrug red ons nie, maar bewys dat ons deur die geloof in Christus ingeplant is en groei. Dan is ons ook die beeld van Christus.

24-25. Die kruisiging, of doodmaak en verwerping van die sondige lewenspraktyke kon nie sterker gestel word nie. Dit is hardewerk en gaan dikwels met pyn gepaard om van jou ou sondige lewensgewoontes ontslae te raak. “Gekruisig” staan in die afgehandelde verlede tyd – dus is dit iets wat in jou verlede hoort. Die bekering van die mens bring ook mee die afstand doen van die lewe van die heidendom.

Nou laat ons (wat deur die Gees die lewe in Christus het) ons deur die Gees lei. Ons ondersoek sy Woord om te hoor en te weet wat die wil van die Gees is en doen dit - dan kom ons in pas met die roepstem van die Gees. Dit is ’n voortdurende aksie. (heiliging/heiligmaking)

26. Lees hierdie vers ook in beide vertalings en bespreek: Waarom word ons soeke na eer hier uitgesonder en wat is die gevolge van “ydele eer” of “verwaandheid”? Elke mens het ’n behoefte aan erkenning en eer, daarom is dit een van die gevaarlikste sondes wat ons moet afdier en reg hanteer.

In die volgende verse (6:1-5) word daarom spesifiek leiding gegee oor die regte verhoudinge tussen mense.

### **Galasiërs 6:1-10**

Twee voorbeelde word voorgehou oor die Christelike optrede in liefde: 1) teenoor die een wat in sonde geval het en 2) teenoor die wat die evangelie verkondig.

1. Hoe moet ons optree teenoor die wat in een of ander sonde geval het? Stilbly kan ons nie. (Mt 18) Vermaning in liefde en sagmoedigheid, bewus daarvan dat jy ook ’n sondaar is, is wel jou taak. Die doel met net wees om jou naaste te “help”. Ons moet die sonde haat, maar die sondaar liefhê. Doen dit biddend, sodat jy jou in hierdie optrede “deur die Gees laat lei”.

2. Die pragtige beginsel van onderlinge liefde gee die “mekaar”-opdrag aan die gelowiges. Vergelyk nou verse 2 en 5 met mekaar. Vers 5 gaan oor elkeen wat sy eie verantwoordelikheid voor die Here dra (OAV = elkeen sy eie pak dra). Tog moet ons mekaar help deur die pak ligter te maak en mekaar te ondersteun.

3-4. Hierdie verse vind aansluiting by 5:26 waar dit gaan om ons verhouding met mekaar. Ons moet nie eersoekers wees nie. Dit wat jy wel vermag in die lewe is net genade van God. Die dankbare trots sal nooit hoogmoedig wees nie. Die riglyn wat gegee word is: moet jou nie met ander vergelyk nie. Dis uiteindelik God wat die beoordeling moet doen. As ons onself met ander vergelyk sal daar net twee uitkomstes kan wees: of jy voel meerderwaardig of jy voel minderwaardig – beide is ongesond en nie tot eer van God nie.

5. Elkeen sal sy eie pak voor God dra. Elke mens het van die Here gawes en vermoëns en ’n taak en roeping gekry waarvoor onself voor God verantwoording moet doen.

6. Die tweede voorbeeld wat Paulus hier noem is die eerbare versorging van hulle wat geroep is om die gemeente in die Woord te onderrig. In ons Kerkorde (Art 11 en 13) gaan ons daarvan uit dat 'n leraar voltyds in diens van die Here staan en daarom moet die gemeente sorg dra vir sy eerbare versorging (tydens en na sy bedieningstyd).

7-10. Nou kom die apostel weer terug op sy tema van van die Gees en die vlees. Wat 'n mens saai sal jy maai – waarskynlik 'n spreekwoord van destyds. (Kyk ook Spr 22:8). Dit geld eerstens vir die verhoudinge met mense (6:1-5) en ook ten opsigte van die versorging van die bedienaars van die Woord (vs 6), maar dan ook ten opsigte van die hele brief se inhoud. Paulus is dus steeds in sy strenge en ernstige luim.

Die twee soorte saailand staan hier reg teenoor mekaar. As jy volgens die wet van die werke van die vlees jou redding soek sal jy verlore gaan. As jy op die saailand van die Gees saai, sal jy net jou redding soek en vind in Jesus Christus. Die gevolge van die geloof is die ewige lewe.

Daarom moet ons nie moeg word om goed te doen nie. Ons moenie verslap in die vrugdra wat van die Gees kom nie. Op die regte tyd, die tyd wat God bepaal het sal ons die oes insamel. Moet dus kyk of dit die moeite werd is nie, want miskien sien jy nie die resultaat of vrug van jou geloofswerke en liefde in hierdie lewe nie – op God se “regte” tyd sal Hy jou die oes laat sien. Voilharding is dus nodig.

Vers 10 lig net die beginsel sterk uit dat God van ons liefde vra vir almal, maar dit begin altyd by jou medegelowiges – die huisgenote van die geloof. Die een sluit die ander nie uit nie. (kyk Ef 2:19)

### **Galasiërs 6:11-18**

11. Paulus skryf van hier af self verder en moontlik weens sy oog probleme met groot letters. Dit verleen geldigheidswaarde aan sy brief, net soos ons deesdae ons handtekening onderaan 'n brief plaas. (vgl Kol 4:18) Dan gee hy sommer 'n kort samevatting van wat hy in die brief laat skryf het, net om seker te maak dat hy goed verstaan word en om die belang daarvan te beklemtoon.

12-16. Vir Paulus beteken die kruis van Christus alles en die besnydenis niks. Hy gee ook nie om om oor hierdie geloof vervolg te word nie. Die belangrikste is die lewe van die nuwe mens in Christus.

17. Paulus is nou opeens weer besorg oor sy eie posisie in die kerk en versoek hulle om dit nie vir hom nog swaarder te maak nie. Hy dra immers die littekens (Grieks: stigmata) van Christus in sy lewe. Hierdie littekens kan letterlik of figuurlik bedoel wees – dink aan al die pyn en lyding wat Paulus vir sy geloof verduur het.

Met hierdie vers wys hy eintlik daarop dat wie hom as apostel teenstaan eintlik vir Christus self teenstaan! Lees nou weer Gal 1:8,9.

18. Paulus sluit sy brief af soos 'n ware apostel en herder van die kerk – met 'n pragtige seënwens.

*Mag ook die brief aan die Galasiërs vir u elkeen vrede en rus bring en ook motiveer om deur die Gees van God die vrug te dra wat by die geloof pas.*